Publication: Burger,Die(Wes-Kaap) (Main)
Publication Date: 28 Dec 2016
Page: 5

AVE: 19194.91
Circulation: 41516
Part: 1 of 1

Kenner gee raad vir matrieks

Andrea Küsel

Haal diep asem, ontspan, dink mooi en praat met ander mense – dít is die raad van 'n opvoedkundige sielkundige vir wanneer jou matriekuitslae miskien nie is wat jy gehoop of verwag het nie.

Prof. Kobus Maree van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria sê dit is belangrik om in só 'n geval reguit te dink. "Eerstens, haal diep asem en ontspan. Jy het al so baie kruispaaie in jou lewe moes hanteer en oorsteek, hierdie een is maar net nog een."

Volgens Maree is dit iets wat met baie studente gebeur. "Doen iets – praat daaroor met jou vriende, ouers en onderwysers. Beter nog, spreek 'n professionele beroepsvoorligter."

Maree sê indien jou punte nie goed genoeg is vir universiteitstoelating nie, moet jy uitvind watter ander opsies beskikbaar is. "Dalk 'n universiteit van tegnologie? Of 'n tegniese en beroepsopleidingskollege? Selfs 'n private verskaffer van hoër opleiding?"

Indien jy nie kans sien om na 'n ander instelling te gaan nie, kan jy gr. 12 of slegs sekere vakke herhaal. "Kontak jou skool. Daar is ook etlike ander instansies wat jou hiermee sal kan help. Bowenal: Om een jaar ekstra te neem om jou beroepsideaal te verwesenlik is waarlik 'n geringe opoffering."

Maree sê dit geld ook indien 'n leerling se uitslae nie voldoende is vir die spesifieke loopbaan wat hy of sy wil volg nie.

"Kontak 'n beroepsvoorligter en vind uit wat jy werklik wil doen. As jy byvoorbeeld in die mediese studieveld belang stel, kan jy 'n dokter word, 'n tandarts, 'n verpleegster, 'n ambulansbestuurder of selfs 'n paramedikus."

Maree sê ouers speel ook 'n belangrike rol in die tyd wanneer 'n kind 'n akademiese terugslag ervaar. "Luister na jou kind. Stry, verwyte en ignoreer is afbrekend en sinloos. Wees daar vir jou kind. Help haar of hom aktief soek na geleenthede om haar of sy lewensroeping te verwesenlik."

Angie Motshekga, minister van basiese onderwys, sal op 4 Januarie vanjaar se matriekuitslae bekend maak en matrikulante sal op 5 Januarie hul uitslae by hul skole kan afhaal.

Skole wat deel van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) is se uitslae word môre om middernag bekend gemaak.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.